TOEKENNINGSBELEID

1. Inleiding:

Kleure word toegeken om erkenning te gee aan leerders wat uitsonderlik presteer. Dit moet leerders motiveer en aanmoedig om hul Godgegewe talente na die beste van hul vermoë te gebruik by die verskillende aktiwiteite wat die skool aanbied.

2. Die volgende stelsel geld vir skoolsport:

- Meriete: Gewone streep baadjie met **blou** balkie of sertifikaat.
- Halfkleure: Gewone streep baadjie met gewone skoolwapen en **wit** balkie onder skoolwapen.
- Volkleure: Blou baadjie met gewone skoolwapen en **silwer** balkie onder skoolwapen.
- Erekleure: Blou baadjie met koord om moue en die boonste rand van die drie baadjiesakke, asook 'n eredas met erewapen. **Goue** balkie onder erewapen.
- Spesiale erekleure: Blou baadjie met koord om buiterand van baadjie, moue en die boonste rand van die drie baadjiesakke. Eredas en **goue** balkie onder erewapen.

3. Algemeen:

3.1 Die finale besluit of kleure toegeken word al dan nie, lê by die Toekenningskommitee.

3.2 Alhoewel daar kriteria sal wees waaraan leerders sal moet voldoen om kleure te ontvang, sal kleure nie outomaties toegeken word nie. Bo en behalwe die standaarde waaraan voldoen moet word in die verskillende aktiwiteite, moet die leerder se gedrag van so 'n aard wees dat hy/sy nie die skool se beeld skade aandoen nie.

3.3 Kleure mag by 'n leerder weggeneem word indien hy/sy aan 'n ernstige oortreding skuldig bevind word.

3.4 Personeel in beheer van sekere aktiwiteite of kodehoofde moet die name van leerders wat aan die vereistes voldoen om 'n kleuretoekenning te kry, aan die Toekenningskomitee voorlê.

CB RB FJ RT

SN AG LJvR SM

3.5 Leerders wat kwalifiseer vir kleure in buitesport moet 'n skriftelike aansoek met die bewys dat hy/sy kwalifiseer by die sporthoof inhandig.

3.6 Kleure sal aan 'n leerder toegeken word by 'n gepaste geleentheid nadat die leerder daarvoor gekwalifiseer het. 'n Sertifikaat sal by die jaarlikse erkenningsaand oorhandig word.

3.7 Die toekenningskomitee moet die sporthoof, kultuurhoof en hoof van akademie insluit saam met enige ander persoon daarvoor aangewys.

3.8 Erewapens en balkies kan by die skool aangekoop word.

3.9 Erebaadjies kan by die plaaslike verskaffer aangekoop word slegs met 'n toestemmingsbrief verskaf deur die Toekenningskomitee.

3.10 Leerders wat vir 'n provinsiale of nasionale span gekies is, sal eers vir kleure in aanmerking kom nadat hy/sy die span verteenwoordig het in 'n wedstryd of kompetisie.

3.11 Indien 'n graad 8- of 9-leerder vir volkleure of hoër kwalifiseer, mag hy/sy slegs die betrokke baadjie vanaf graad 10 dra.

3.12 'n Toekenning sal slegs vir skoolsport/byeenkomste gegee word indien die leerder aan daardie sport/byeenkoms vir die skool deelneem.

3.13 Leerders wat vol-, ere- of spesialekleure ontvang het en dus blou baadjies dra is ons skool se trots en moet dus onbesproke wees. Indien hierdie leerders hul wangedra of nie by die skool se gedragskodes hou nie, sal hul kleure, en die voorreg om die blou baadjie te dra, weggeneem word óf nie aan hul toegeken word nie.

3.14 'n Nuwe leerder wat by Hoërskool Punt ingeskryf word en skool bywoon, kan in aanmerking kom om sy/haar kleure te ontvang vir 'n prestasie wat in sy/haar vorige skool behaal is. Erkenning sal gegee word in ooreenstemming met die Toekenningsbeleid van Hoërskool Punt, so 'n leerder moet skriftelik aansoek doen, met bewys van die prestasie, aan die hoof van sport en die hoof van kultuur. Die finale besluit vir die toekenning van kleure lê by die Toekenningskomitee ,

3.15 Leerders wat die skool se eerste sportspanne verteenwoordig sal halfkleure ontvang aan die einde van die jaar indien hy/sy die skool verteenwoordig in 80% van die wedstryde. 'n Leerder wat 'n eerste span van die skool verteenwoordig, sal ook deur die loop van die jaar 'n aansteek balkie ontvang. Hierdie aansteekbalkie bly die eiendom van die skool en kan te enige tyd deur die afrigter ingeneem word. Graad 12 leerders sal aan die einde van die jaar die geleentheid gegun word om hul balkie te koop.

SN

CB RB FJ RT

AG LJvR SM

ALLE SKOOLSPORT				
Meriete	**Halfkleure**	**Volkleure**	**Erekleure**	**Spesiale Erekleure**
Beide graad 8 én graad 9 hul ouderdomsgroep se A-span verteenwoordig in 80% van die wedstryde. (Met ander woorde A-span vir 2 jaar.) 0/16 (in graad 10), 0/17, 0/18 die skool se A-Span verteenwoordig in 80% van die wedstryde.	Gekies word vir SWD A- of B- span in die 0/14, 0/15 ouderdomsgroepe en neem deel vir die SWD/ provinsiale span aan 'n interprovinsiale byeenkoms of amptelike nasionale byeenkoms of toernooi.	Gekies word vir die SWD A- of B-span in die 0/16 of hoër ouderdomsgroepe en neem deel vir SWD/provinsiale span aan 'n interprovinsiale byeenkoms of amptelike nasionale byeenkoms of toernooi.	Behaal SWD A-span 3 maal. 'n Wes-Kaap span (met ander woorde hoër as SWD) verteenwoordig by 'n amptelike nasionale toernooi. Verower 'n medalje by 'n amptelike nasionale toernooi of byeenkoms.	Verteenwoordig Suid-Afrika by amptelike internasionale byeenkoms as lid van 'n amptelike SA span.
E-sport				
Dieselfde as gewone sport, plus: Hy/sy die skool verteenwoordig by die HSEL as eerstespanspeler. (Moet ten minste twee spanne wees om te kwalifiseer as 'n eerstespan.)	Dieselfde as gewone sport, plus: Hy/sy die skool verteenwoordig by die HSEL as eerstespanspeler en in LEG 2 eindig. Hy/sy die skool verteenwoordig by die HSEL en in die LEG 2 eindig. (Nie as 'n eerstespan lid nie)	Dieselfde as gewone sport, plus: Hy/sy in die HSEL deurdring na die finale rondte. (Top 16 nasionaal.)	Dieselfde as gewone sport, plus: Hy/sy die HSEL wen. (Eerste nasionaal.)	Dieselfde as gewone sport, plus: Hy/sy Suid-Afrika verteenwoordig. (E-sport: MSSA)

E-SPORT: 'n Leerder sal in aanmerking kom vir die volgende kleure indien hy/sy 80% van die wedstryde gespeel het.

DEFINISIES	INTERPROVINSIAAL	NASIONALE BYEENKOMS
Atletiek	Wes-Kaap Kampioenskappe: SWD vs. WP en Boland	ASA Jeug SA Skole
Netbal	SWD vs. Boland en WP	SA Skole Netbal, All Ages toernooi
Rugby	Cravenweek, Akademie, Grant Khomo	SA Skole
Hokkie	SWD vs. WP en Boland	SA Skole
Tennis	Synergy Cup	Interpro; SA Skole, SA Juniors
Muurbal	SWD vs. Boland en WP	SA Skole; SA Juniors
Krieket	SWD vs. Boland en WP	SA Skole

CB RB FJ RT SN AG LJvR SM

4. BUITESPORT: (geregistreer by SASKOK)

4.1 Buitesport word as volg beloon:

Halfkleure: Prestasie op provinsiale en nasionale vlak.

Spesiale erekleure: Verteenwoordig Suid-Afrika by 'n amptelike internasionale byeenkoms as lid vir 'n amptelike SA-span.

4.2 Geen meriete word aan buitesport toegeken nie.

4.3 Erkenning vir uitsonderlike prestasie in buitesport moet met 'n volledige aansoek met bewys van prestasie, aan die Toekenningskomitee voorgelê word.

Buitesport			
Ekwivalent aan: halfkleure in skoolsport:	Ekwivalent aan: volkleure in skoolsport:	Ekwivalent aan: erekleure in skoolsport	Spesiale erekleure
Halfkleure met **brons** aansteek balkie.	Halfkleure met **silwer** aansteek balkie.	Halfkleure met **goue** aansteek balkie	Blou baadjie met koord en spesiale wa en.
Gekies word vir SWD A- of B-span in die 0/14, 0/15 ouderdomsgroepe en neem deel vir die SWD/ provinsiale span aan 'n interprovinsiale byeenkoms of amptelike nasionale byeenkoms of toernooi.	Gekies word vir die SWD A- of B-span in die 0/16 of hoër ouderdomsgroepe en neem deel vir SWD/provinsiale span aan 'n interprovinsiale byeenkoms of amptelike nasionale byeenkoms of toernooi.	Behaal SWD A-span 3 maal. 'n Wes-Kaap span (met ander woorde hoër as SWD) verteenwoordig by 'n amptelike nasionale toernooi. Verower 'n medalje by 'n amptelike nasionale toernooi of byeenkoms.	Verteenwoordig Suid-Afrika by amptelike internasionale byeenkoms as lid van 'n amptelike SA span.

RB CB FJ RT SN

AG LJvR SM

AKADEMIESE MERIETEBELEID

MERIETE	HALFKLEURE	VOLKLEURE	EREKLEURE	SPESIALE EREKLEURE
Graad 8: Indien 'n leerder vir 3 of meer vakke 'n gemiddelde jaarpunt van 75% of meer behaal.	**Graad 8:** 'n Jaarpunt van 80% met geen vak onder 60% nie.			
Graad 9: Indien 'n leerder vir 3 of meer vakke 'n gemiddelde jaarpunt van 75% of meer behaal.	**Graad 9:** 'n Jaarpunt van 80% met geen vak onder 60% nie.			
Graad 10: Indien 'n leerder vir 2 of meer vakke 'n gemiddelde jaarpunt van 80% of meer behaal.	**Graad 10:** 'n Jaarpunt van 75% met geen vak onder 60% nie.	**Graad 10:** 'n Jaarpunt van 85% met geen vak onder 65% nie.	**Graad 10:** 'n Jaarpunt van 90% met geen vak onder 70% nie.	Leerders wat in **Grade 8**, **9**, **10** en **11** 'n gemiddeld van 90% of hoër behaal het.
Graad 11: Indien 'n leerder vir 2 of meer vakke 'n gemiddelde jaarpunt van 75% of meer behaal.	**Graad 11:** 'n Jaarpunt van 70% met geen vak onder 55% nie.	**Graad 11:** 'n Jaarpunt van 80% met geen vak onder 60% nie.	**Graad 11:** 'n Jaarpunt van 85% met geen vak onder 65% nie.	
Graad 12: Indien 'n leerder vir 2 of meer vakke 'n gemiddelde jaarpunt van 75% of meer behaal. * Geen vak mag onder 60% wees nie.	**Graad 12:** 'n Jaarpunt van 70% met geen vak onder 55% nie.	**Graad 12:** 'n Jaarpunt van 80% met geen vak onder 60% nie.	**Graad 12:** 'n Jaarpunt van 80% met geen vak onder 65% nie.	

CB RB FJ RT

AG LJvR SM SN

KULTUUR- EN LEERDERBELANGEBELEID

	MERIETE	HALFKLEURE	VOLKLEURE	EREKLEURE	SPESIALE EREKLEURE
A Capella/Sêr/Koor/ Drumline/Ensemble	Koor/Orkes/Ensamble: Twee jaar agtereenvolgend 80% van geleenthede bygewoon.	Prestasie op streeksvlak (top 3). Graad 8 en 9: 'n Kategoriewenner in 'n provinsiale kompetisie. Nr. 4 of 5 in 'n amptelike nasionale kompetisie. Sing in die Suid-Kaap kinderkoor.	Grade 10, 11 en 12: 'n Kategoriewenner in 'n provinsiale kompetisie. Nr. 4 of 5 in 'n amptelike nasionale kompetisie. Sing in die Suid-Kaap kinderkoor vir twee jaar agtereenvolgens.	Presteer (top 3) in 'n amptelike nasionale kompetisie. (Nie virtueel nie)	Internasionale kompetisie top 3 behaal. (Nie virtueel nie.)
Debat/Redenaars		Prestasie op streeksvlak (top 3). Nasionaal deelgeneem vir 2 jaar (streek- of provinsiale vlak verteenwoordig). Op-die-tong en Radikale Redenaars – provinsiaal presteer (top 3). Graad 8 en 9: Prestasie (Top 3) op provinsiale vlak Wes-Kaap – ATKV Prestasie op nasionale vlak (4 – 5) – ATKV Prestasie (top 3) op nasionale vlak: Radikale Redenaars	Grade 10, 11 en 12: Prestasie (top 3) op provinsiale vlak Wes-Kaap – ATKV Prestasie op nasionale vlak (4 – 5) – ATKV Prestasie (top 3) op nasionale vlak: Op-die-tong.	Prestasie op nasionale vlak (top 3) – ATKV (nie virtueel nie).	Internasionale kompetisie (top 3) behaal (nie virtueel nie).

CB RB FJ RT AG LJvR SM SN

	MERIETE	HALFKLEURE	VOLKLEURE	EREKLEURE	SPESIALE EREKLEURE
Drame/Toneel		Prestasie op streeksvlak (top 3). (Streek- of provinsiale vlak verteenwoordig) Finale rondte – nasionale vlak.	Prestasie (top 3) provinsiale vlak deelname – ATKV. Ontvang hoogste toekenning by 'n nasionale toneelkompetisie vir tegniese ondersteuning. Prestasie (4 – 5) by 'n nasionale toneelkompetisie – ATKV.	Prestasie (top 3) by 'n nasionale toneelkompetisie – ATKV (nie virtueel nie).	Internasionale kompetisie top 3 behaal (nie virtueel nie).
Fotografieklub	Twee jaar agtereenvolgend 80% van geleenthede bygewoon – foto's neem vir sport/kultuur/ ensovoorts.		Aangewys as beste fotograaf in 'n amptelike nasionale kompetisie.	Aangewys as beste fotograaf in 'n amptelike internasionale kompetisie.	
Hyppi	Twee jaar agtereenvolgend 80% van geleenthede bygewoon. Organiseer/hoof van komitee.	Organiseerder/hoof van komitee vir drie agtereenvolgende jare.			
Natuurle weklub	Stapleier vir twee jaar.				

CB RB FJ RT & A
AG LJvR SM SN

	MERIETE	HALFKLEURE	VOLKLEURE	EREKLEURE	SPESIALE EREKLEURE
Kunswedstryde/ Eisteddfods		Wenner in 2 kategorieë. Prestasie van 90% (A^+) in 3 kategorieë.			
Musiek		Gekies om aan 'n nasionale musiekkompetisie deel te neem of gekies om in 'n provinsiale orkes te speel (nie virtueel nie). Slaag graad 7 of 8 praktiese eksamen. Slaag graad 5 musiekteorie met lof. Slaag graad 5 – 6 musiek prakties.	Wenner van 'n amptelike kompetisie – provinsiale vlak (nie virtueel nie). Slaag graad 7 of 8 prakties met lof (80% +). Slaag graad 6 musiekteorie met lof (80% +). Verskyn vir twee agtereenvolgende jare op die UNISA/Royal Schools/Trinity ererol vir prakties. Speel in die Nasionale Jeugorkes.	Wenner in 'n amptelike nasionale musiekkompetisie (nie virtueel nie).	Kategoriewenner of top 3 in 'n amptelike internasionale kompetisie (nie virtueel nie).

CB RB FJ RT AG LJvR SM SN

LEIERSKAPBELEID

MERIETE	HALFKLEURE	VOLKLEURE	EREKLEURE	SPESIALE EREKLEURE
VLR in grade 8, 9, 10 en 11. Kaptein van sportspan. Voorsitter van komitee. Klaskaptein. Biblioteekprefek.	Koshuisprefekte. Drie jaar lid van die VRL. Drie jaar kaptein van sportspan. Lid van Juniorstadsraad.	Koshuishoofleiers. Suid-Kaap Kinderkoor – hoofleier. Junior Burgermeerster – Mosselbaai Junior Dorpsraad.	Graad 12 VRL-lede.	Hoofleiers Kaptein van amptelike nasionale span (SA-span).

OLIMPIADE/EKSPOBELEID

Prestasie vir hierdie afdeling word slegs in ag geneem indien dit 'n Nasionale Ekspo of Olimpiade is.

	MERIETE	HALFKLEURE	VOLKLEURE	EREKLEURE	SPESIALE EREKLEURE
Ekspo	Deelname aan Ekspo vir 3 jaar.	Leerder kry 'n goue of silwer medalje op streeksvlak – Eden.	Leerder kry 'n goue medalje op provinsiale vlak (Wes-Kaap) of 'n silwer/brons medalje op nasionale vlak.	Leerder kry 'n goue medalje op nasionale vlak of 'n silwer medalje op internasionale vlak.	Leerder kry 'n goue medalje op internasionale vlak.
Olimpiade		Leerder moet onder die top 20 presteerders op provinsiale vlak wees.	Leerder moet onder die top 20 presteerders op nasionale vlak wees.	Leerder moet onder die top 3 presteerders op nasionale vlak wees.	Leerder moet onder die top 3 presteerders op internasionale vlak wees.

CB RB FJ RT & A AG LJvR SM SN

2023/06/22

Geteken te Mosselbaai op _____ .

Adolf Gouws

A.J. GOUWS
HOOF

R Bezuidenhout

R. BEZUIDENHOUT (ME.)
BEHEERLIGGAAMVOORSITTER

Ons kan ons kinders help presteer

CB FJ RT

LJvR SM SN